*Simptomatiese behandeling van gastriese-esofageale refluksiekte (GERS)*: 20 mg eenmaal per dag by pasiënte sonder slukdermontsteking.

Indien simptoombeheer nie na 4 weke bereik is nie, moet die pasiënt verder ondersoek word. Sodra simptome opgelos het, kan daaropvolgende simptoombeheer verkry word deur 'n op aanvraag regimen te gebruik, waar 20 mg eenmaal per dag geneem word, wanneer nodig.

***Pasiënte wat voortgesette NSAIM-behandeling benodig***

Voorkoming van maag- en duodenale ulkusse geassosieer met NSAIM-behandeling by pasiënte op risiko: 20 mg of 40 mg eenmaal per dag.

***In kombinasie met toepaslike antibakteriese terapeutiese regimens vir die uitwissing van Helicobacter pylori***

- genesing van *Helicobacter pylori*-geassosieerde duodenale ulkus
- voorkoming van terugval van peptiese ulkusse by pasiënte met *Helicobacter pylori*-geassosieerde ulkussiekte:

**NEXIPRAZ 20** met 1 g amoksisillien en 500 mg klaritromisien, alles tweemaal per dag vir 7 dae.

***Patologiese hipersekretoriese toestande insluitend Zollinger-Ellison-sindroom en idiopatiese hiperafskeiding***

Die aanbevole aanvanklike dosis is **NEXIPRAZ 40** mg tweemaal per dag. Die dosis moet dan individueel aangepas word en behandeling moet voortgesit word solank as wat klinies aangedui word. Dosisse tot 120 mg tweemaal per dag is toegedien.

***Adolessente 12-18 jaar***

***Gastro-esofageale refluksiekte (GERS)***

*Behandeling van erosiewe refluks-esofagitis*

40 mg eenmaal daagliks vir 4 weke. 'n Bykomende 4 weke behandeling word aanbeveel vir pasiënte by wie slukdermontsteking nie genees het nie of wat aanhoudende simptome het.

*Langtermyn hantering van pasiënte met geneesde esofagitis om terugval te voorkom*

20 mg eenmaal per dag.

*Simptomatiese behandeling van gastro-esofageale refluksiekte (GERS)*

20 mg eenmaal per dag by pasiënte sonder slukdermontsteking. Indien simptoombeheer nie na 4 weke bereik is nie, moet die pasiënt verder ondersoek word. Sodra simptome opgelos het, kan daaropvolgende simptoombeheer bereik word deur 20 mg eenmaal per dag onder mediese toesig te gebruik.

**Kinders**

Aangesien 'n **NEXIPRAZ** 10 mg doseervorm nie beskikbaar is nie, kan gebruik by kinders jonger as 12 jaar nie aanbeveel word nie.

**Spesiale bevolkings**

*Verswakte nierfunksie*

Dosisaanpassing is nie nodig by pasiënte met verswakte nierfunksie nie. As gevolg van beperkte ondervinding by pasiënte met ernstige nierversaking, moet sulke pasiënte met omsigtigheid behandel word.

*Verswakte lewerfunksie*

Dosisaanpassing is nie nodig by pasiënte met ligte tot matige lewerversaking nie. Vir pasiënte met ernstige lewerversaking moet 'n maksimum daaglikse dosis van 20 mg **NEXIPRAZ** gebruik word.

**Toedieningsmetode**

Die tablette moet heel met vloeistof ingesluk word. Die tablette moet nie gekou of fyngedruk word nie.

Die tablette kan ook in 'n halwe glas nie-koolsuurhoudende water versprei word. Geen ander vloeistowwe moet gebruik word nie. Roer totdat die tablette disintegreer en drink die vloeistof saam met die pille onmiddellik of binne 30 minute. Spoel die glas uit met 'n halwe glas water en drink. Die korrels moet nie gekou of fyngemaak word nie.

Vir pasiënte wat nie kan sluk nie, kan die tablette in nie-koolsuurhoudende water versprei word en deur 'n maagbuis toegedien word.

**4.3 Kontraindikasies**

- Bekende hipersensitiwiteit vir esomeprasool, gesubstitueerde bensimidasole of enige ander bestanddele van **NEXIPRAZ** (sien afdeling 6.1).
- Gesamentlike toediening met atazanavir en nelfinavir (sien afdeling 4.5)

**4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreë**

**NEXIPRAZ** is nie aangedui vir ligte maagderm-klagtes soos senuweedispepsie nie.

Voor behandeling of in die teenwoordigheid van enige waarskuwingssimptoom (bv. beduidende onbedoelde gewigsverlies, herhalende braking, disfagie, hematemese of

melaena) en wanneer maagseer vermoed of teenwoordig is, die moontlikheid van maligniteit van maagseer of 'n kwaadaardige siekte van die slukderm moet uitgesluit word aangesien die behandeling met **NEXIPRAZ** die simptome van kwaadaardige ulkusse kan verlig en dus die diagnose kan vertraag.

Pasiënte op langtermynbehandeling (veral dié wat vir meer as 'n jaar behandel word) moet gereeld onder toesig gehou word.

***Clostridium difficile-geassosieerde diarree:*** Protonpompinhibeerders (PPI)-behandeling met esomeprasool soos in **NEXIPRAZ** kan geassosieer word met 'n verhoogde risiko van *Clostridium difficile*-geassosieerde diarree, veral in gehospitaliseerde pasiënte. Simptome sluit in waterige diarree, maagpyn en koors. Hierdie diagnose moet oorweeg word vir diarree wat nie verbeter nie. Pasiënte moet die laagste dosis en kortste duur van **NEXIPRAZ**-behandeling gebruik wat geskik is vir die toestand wat behandel word.

***Hipomagnesemia***

Ernstige hipomagnesemie is aangemeld by pasiënte wat behandel is met protonpompinhibeerders (PPI's) soos esomeprasool in **NEXIPRAZ** vir ten minste drie maande, en in die meeste gevalle vir 'n jaar. Ernstige manifestasies van hipmagnesemie soos moegheid, tetanie, delirium, stuiptrekkings, duiseligheid en ventrikulêre disaritmie kan voorkom, maar hulle kan verraderlik begin en oor die hoof gesien word. In die meeste pasiënte wat aangetas is, het hipogmagnesemie verbeter na magnesiumvervanging en staking van die PPI. Ernstige hipomagnesemie kan met hipokalsemie korreleer en kan ook met hipokalemie geassosieer word.

Vir pasiënte wat verwag word om op langdurige behandeling te wees of wat PPI's saam met digoksien of medisyne gebruik wat hipmagnesemie (bv. diuretika) kan veroorsaak, moet gesondheidswerkers dit oorweeg om magnesiumvlakke te meet voordat PPI-behandeling begin word en periodiek tydens behandeling.

***Risko van fraktuur***

Protonpomp-inhibeerders, veral as dit in hoë dosisse en oor lang duur (> 1 jaar) gebruik word, kan die risiko van heup-, pols- en ruggraatfraktuur matig verhoog, hoofsaaklik by bejaardes of in die teenwoordigheid van ander erkende risikofaktore.

Waarnemingstudies dui daarop dat protonpompinhibeerders die algehele risiko van fraktuur met 10 – 40 % kan verhoog. Sommige van hierdie toename kan as gevolg van ander risikofaktore wees.

Pasiënte met 'n risiko van osteoporose moet sorg ontvang volgens huidige kliniese riglyne en hulle moet 'n voldoende inname van vitamien D en kalsium hê.

***Subakute kutane lupus erythematosus (SCLE)***

Protonpomp-inhibeerders word geassosieer met seldsame gevalle van SCLE.

Indien letsels voorkom, veral in son-blootgestelde areas van die vel, en as dit gepaard gaan met artralgie, moet die pasiënt onmiddellik mediese hulp soek en die gesondheidsorgwerker moet dit oorweeg om **NEXIPRAZ** te stop. SLCE na vorige behandeling met 'n protonpompinhibeerder kan die risiko van SCLE met ander protonpomp-inhibeerders verhoog.

***Helicobacter pylori uitwissing***

Wanneer **NEXIPRAZ** voorgeskryf word vir die uitwissing van *Helicobacter pylori*, moet moontlike interaksies vir alle komponente in die drievoudige behandeling oorweeg word..

Klaritromisien is 'n kragtige inhibeerder van CYP3A4 en daarom moet kontra-indikasies en interaksies vir klaritromisien oorweeg word wanneer die drievoudige behandeling gebruik word by pasiënte wat gelyktydig ander medisyne gebruik wat deur CYP3A4 gemetaboliseer word, soos sisapried.

***Gastrointestinale infeksies***

Behandeling met protonpomp-inhibeerders kan lei tot effens verhoogde risiko van maag-derminfeksies soos *Salmonella* en *Campylobacter*.

***Nierversaking***

Interstisiële nefritis kan vorder tot chroniese nierontsteking en nierversaking aangesien dit nie noodwendig omgekeer word wanneer behandeling gestaak word nie.

***Absorpsie van vitamien B12***

**NEXIPRAZ** kan die absorpsie van vitamien B12 (sianokobalamien) verminder as gevolg van hipo- of achloorhidrie. Dit moet oorweeg word by pasiënte met verminderde liggaamsstore of risikofaktore vir verminderde vitamien B12-absorpsie tydens langtermyn-behandeling.

***Sukrose***

**NEXIPRAZ** bevat sukrose. Pasiënte met seldsame oorerflike toestande soos fruktose-intoleransie, glukose-galaktose wanabsorpsie of sukrase-isomaltase ontoereikendheid moet nie **NEXIPRAZ** neem nie.

Sukrose kan 'n effek hê op die glukemiese beheer van pasiënte met diabetes melitis.

**4.5 Interaksie met ander medisyne en ander vorme van interaksie**

***Effekte van NEXIPRAZ op die farmakokinetika van ander medisyne***

*Klopidogrel*

Studies by gesonde proefpersone het getoon dat die gelyktydige gebruik van esomeprasool en klopidogrel tot verlaagde plasmakonsentrasies van die aktiewe metaboliet van klopidogrel en 'n vermindering in bloedplaatjie-inhibisie gelei het. 'n Toename in kardiovaskulêre gebeure is ook aangemeld. Gelyktydige gebruik van **NEXIPRAZ** en klopidogrel moet vermy word.

*Atazanavir en nelfinavir*

Esomeprazol verlaag die konsentrasie van atazanavir en nelfinavir. Gesamentlike toediening van **NEXIPRAZ** en atazanavir of nelfinavir is teenaangedui (sien afdeling 4.3).

*Metotreksaat*

Wanneer dit saam met PPI's soos in **NEXIPRAZ** gegee word, is gerapporteer dat metotreksaatvlakke in sommige pasiënte toeneem. In hoë-dosis metotreksaat toediening moet 'n tydelike onttrekking van **NEXIPRAZ** dalk oorweeg word.

*Takrolimus*

Daar is gerapporteer dat gelyktydige toediening van esomeprasool soos in **NEXIPRAZ** die serumvlakke van takrolimus verhoog. Verhoogde monitering van takrolimuskonsentrasies

sowel as nierfunksie (kreatinienopruiming) moet uitgevoer word, en die dosis takrolimus moet aangepas word indien nodig.

*Medisyne met pH-afhanklike absorpsie*

Die verlaagde intragastriese suurheid tydens behandeling met **NEXIPRZ** kan die absorpsie van medisyne verhoog of verlaag indien die meganisme van absorpsie deur maagsuur beïnvloed word. Die absorpsie van ketokonasool, itrakonasool en erlotinib kan afneem en die absorpsie van digoksien kan toeneem tydens behandeling met **NEXIPRAZ**. Omsigtigheid moet aan die dag gelê word wanneer **NEXIPRAZ** teen hoë dosisse aan bejaarde pasiënte gegee word. Terapeutiese monitering van digoksien moet versterk word.

*Medisyne wat deur CYP2C19 gemetaboliseer word*

Esomeprazol inhibeer CYP2C19, die belangrikste esomeprazol-metaboliserende ensiem. Dus, wanneer esomeprasool gekombineer word met medisyne wat deur CYP2C19 gemetaboliseer word, soos diasepam, citalopram, imipramien, klomipramien, fenitoïen ens., kan die plasmakonsentrasies van hierdie medisyne verhoog word en 'n dosisvermindering kan nodig wees. Dit moet veral in ag geneem word wanneer **NEXIPRAZ** vir op aanvraag behandeling voorgeskryf word.

*Diasepam*

Gelyktydige toediening van 30 mg esomeprasool het gelei tot 'n 45 % afname in opruiming van die CYP2C19 substraat diasepam.

*Fenitoïen*

Gelyktydige toediening van 40 mg esomeprasool het gelei tot 'n 13 % toename in die laagste plasmavlakke van fenitoïen by epileptiese pasiënte; dosisaanpassing was nie nodig nie.

*Vorikonasool*

Omeprasool (40 mg eenmaal daagliks) het vorikonasool ('n CYP2C19-substraat) $C_{max}$ en AUC met onderskeidelik 15 % en 41 % verhoog.

*Cilostazol*

Omeprasool sowel as esomeprasool dien as inhibeerders van CYP2C19. Omeprasool, gegee in dosisse van 40 mg aan gesonde proefpersone in 'n oorkruisstudie, het $C_{max}$ en

AUC vir cilostazol met onderskeidelik 18 % en 26 % verhoog, en een van sy aktiewe metaboliete met onderskeidelik 29 % en 69 %.

*Warfarien*

Gelyktydige toediening van 40 mg esomeprasool aan warfarien-behandelde pasiënte het getoon dat, ten spyte van 'n effense verhoging in die laagste plasmakonsentrasie van die minder kragtige R-isomeer van warfarien, die stollingstye binne die aanvaarde reeks was. Soos met alle pasiënte wat warfarien ontvang, word monitering egter aanbeveel tydens gelyktydige behandeling met **NEXIPRAZ**.

*Sisapried*

By gesonde vrywilligers het gelyktydige toediening van 40 mg esomeprasool gelei tot 'n 32 % toename in area onder die plasma konsentrasie-tyd kurwe (AUC) en 'n 31 % verlenging van eliminasie halfleeftyd ($t_{1/2}$), maar geen beduidende toename in piek plasmavlakke van sisapried nie. Hierdie interaksie het nie die invloed van sisapried op kardiale elektrofisiologie verander nie.

***Effek van ander medisyne op die farmakokinetika van esomeprasool***:

*Medisyne wat CYP2C19 en/of CYP3A4 inhibeer*

Esomeprasool word gemetaboliseer deur CYP2C19 en CYP3A4. Gelyktydige toediening van esomeprasool en 'n CYP3A4-remmer, klaritromisien (500 mg twee keer per dag), het gelei tot 'n verdubbeling van die blootstelling (AUC) aan esomeprasool. Dosisaanpassing van **NEXIPRAZ** is nie nodig nie.

*Medisyne wat CYP2C19 en/of CYP3A4 induseer*

Medisyne wat bekend is om CYP2C19 of CYP3A4 of albei te induseer (soos rifampisien en St John's wort) kan lei tot verlaagde esomeprasool serumvlakke deur die esomeprasoolmetabolisme te verhoog.

**4.6 Vrugbaarheid, swangerskap en borsvoeding**

**Swangerskap**

Veiligheid tydens swangerskap is nie vasgestel nie.

**Borsvoeding**

Veiligheid tydens borsvoeding is nie vasgestel nie.

**Vrugbaarheid**

Geen beskikbare data nie.

**4.7 Effekte op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik**

**NEXIPRAZ** kan slaperigheid, duiseligheid en versteurde visie veroorsaak. Aangesien konsentrasie verswak kan word, moet pasiënte aangeraai word om versigtig te wees wanneer hulle bestuur of masjinerie gebruik (sien afdeling 4.8).

**4.8 Ongewenste effekte**

**Opsomming van die veiligheidsprofiel**

Hoofpyn, abdominale pyn, diarree en naarheid is van die nadelige reaksies wat die meeste in kliniese proewe (en ook van post-bemarking gebruik) aangemeld is. Daarbenewens is die veiligheidsprofiel soortgelyk vir verskillende formulerings, behandelingsindikasies, ouderdomsgroepe en pasiëntpopulasies. Geen dosisverwante nadelige reaksies is geïdentifiseer nie.

**Getabelleerde lys van nadelige reaksies**

**Tabel 1**

| Stelsel Orgaanklas | Dikwels | Minder Dikwels | Frekwensie Onbekend |
|---|---|---|---|
| **Infeksies en besmettings** | | *Clostridium difficile*-geassosieerde diarree. | |
| **Bloed en die limfatiese stelsel versteurings** | | Agranulositose, leukopenie, trombositopenie, pansitopenie. | |
| **Immuunstelsel-afwykings** | | Hipersensitiwiteits-reaksies bv. angioedeem, anafilaktiese reaksie. | |
| **Metabolisme en voedingsafwy-kings** | | Hiponatraemia. | Hipomagne-semie (sien afdeling 4.4) ernstige hipomagne-semie kan met hipokalsemie korreleer. Hipomagne-semie kan ook met hipokalemie geassosieer word. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Senuweestelsel versteurings** | Hoofpyn | Duiseligheid, slaperigheid parestese | |
| **Psigiatriese versteurings** | | Slapeloosheid, omkeerbare verwarringstoe-stand, agitasie, hallusinasies, depressie en aggressie | |
| **Oogafwykings** | | Versteurde visie | |
| **Respiratoriese torakale en mediastinale afwykings** | | Bronchospasma | |
| **Gastries-intestinale afwykings** | Buikpyn, diarree, winderigheid, naarheid / braking, hardlywigheid | Droë mond, stomatitis, smaakversteurings, maagderm candidiasis | |
| **Hepato-galafwykings** | | Verhoogde lewerensieme, hepatitis met of sonder geelsug. | Hepatiese enkefalopatie, lewerversaking |
| **Vel- en subkutane weefselafwy-kings** | Veluitslag | Dermatitis, pruritus, urtikaria, alopesie, bulleuse uitbarsting, erythema multiforme, Stevens-Johnson-sindroom, toksiese epidermale nekrolise, fotosensitiwiteit. | |
| **Muskuloskele-tale, bindweefsel - en beenafwykings** | | Artralgie, mialgie, fraktuur van heup, pols of ruggraat of spierswakheid. | |
| **Nier- en urinêre afwykings** | | Interstisiële nefritis, nierversaking. | |
| **Voortplanting-stelsel en borsversteu-rings** | | Impotensie, ginekomastie | |
| **Algemene versteurings en toedieningsplek toestand** | | Moegheid, verhoogde sweet, malaise | |

### Rapportering van vermoedelike nadelige reaksies:

Dit is belangrik om vermoedelike nadelige reaksies aan te meld na goedkeuring van die medisyne. Dit laat voortgesette monitering van die voordeel/risiko-balans van die medisyne toe. Gesondheidsorgverskaffers word gevra om enige vermeende nadelige reaksies by

SAHPRA aan te meld via die '6.04 Adverse Drug Reaction Reporting form', wat aanlyn gevind word onder SAHPRA se publikasies:

https://www.sahpra.org.za/Publications/index/8

**4.9 Oordosis**

Geen spesifieke teenmiddel is bekend nie. Esomeprasool is omvattend plasmaproteïengebonde en is dus nie geredelik dialiseerbaar nie. Soos in enige geval van oordosis, moet behandeling simptomaties wees en algemene ondersteunende maatreëls moet gevolg word.

## 5 FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE

### 5.1 Farmakodinamiese eienskappe

Farmakoterapeutiese groep: Middels vir suurverwante afwykings protonpompinhibeerders.

ATC-kode: A02B C05

Farmakologiese klassifikasie: A 11.4.3 Medisyne wat op maag-dermkanaal inwerk. Ander.

Esomeprasool, die S-isomeer van omeprasool, 'n protonpompinhibeerder (PPI); verminder maagsuurafskeiding deur spesifieke inhibisie van die suurpomp in die pariëtale sel, waar dit gekonsentreer en omgeskakel word na die aktiewe vorm in die suur omgewing van die sekretoriese canaliculi en inhibeer die ensiem $H^+K^+$-ATPase – die suurpomp. Hierdie effek op die finale stap van die maagsuurafskeiding is dosisafhanklik en maak voorsiening vir effektiewe inhibisie van beide basale en gestimuleerde suurafskeiding.

***Effek op maagsuurafskeiding***

Na orale toediening met esomeprasool 20 mg en 40 mg vind die effek binne 1 uur plaas. Na herhaalde toediening met esomeprasool 20 mg eenmaal per dag vir 5 dae, word die gemiddelde piek suurproduksie na pentagastrienstimulasie met 90 % verminder, gemeet 6-7 uur na toediening op dag 5.

Na 5 dae van orale toediening met 20 mg en 40 mg esomeprasool, is intragastriese pH bo 4 gehandhaaf vir 'n gemiddelde tyd van 13 uur en 17 uur, onderskeidelik oor 24 uur in simptomatiese Maag-esofageale Reflukssiekte (GERS) pasiënte.

Deur AUC as 'n surrogaatparameter vir plasmakonsentrasie te gebruik, is 'n verband tussen inhibisie van suurafskeiding en blootstelling getoon.

Voedselinname het geen noemenswaardige invloed op die effek van esomeprasool op intragastriese suurheid nie.

***Ander effekte wat verband hou met suurinhibisie***

Tydens behandeling met antisekretoriese medisyne neem serumgastrien toe in reaksie op die verminderde suurafskeiding.

Tydens langtermynbehandeling met antisekretoriese medisyne kom maagklier siste voor. Hierdie veranderinge is 'n fisiologiese gevolg van uitgesproke inhibisie van suurafskeiding, dit is nie-kwaadaardig en blyk omkeerbaar te wees.

## 5.2 Farmakokinetiese eienskappe

***Absorpsie***

Esomeprasool is suurlabiel en word oraal toegedien as enteries-bedekte tablette. *In vivo* omskakeling na die R-isomeer is weglaatbaar. Absorpsie van esomeprasol is vinnig, met piekplasmavlakke wat ongeveer 1-2 uur na dosis voorkom.

Die absolute biobeskikbaarheid is 89 % na herhaalde een-daagse toediening.

***Verspreiding***

Die skynbare verspreidingsvolume by bestendige toestand by gesonde proefpersone is ongeveer 0,22 liter/kg liggaamsgewig.

***Biotransformasie***

Esomeprasool word volledig deur die sitochroom P450-stelsel (CYP) gemetaboliseer. Die grootste deel van die metabolisme van esomeprasool is afhanklik van die polimorfiese CYP2C19, wat verantwoordelik is vir die vorming van die hidroksie- en desmetielmetaboliete van esomeprasool.

Die oorblywende deel is afhanklik van 'n ander spesifieke isovorm, CYP3A4, wat verantwoordelik is vir die vorming van esomeprasoolsulfon, die hoofmetaboliet in plasma.

***Eliminasie***

Die parameters hieronder weerspieël hoofsaaklik die farmakokinetika in individue met 'n funksionele CYP2C19-ensiem, uitgebreide metaboliseerders.

Totale plasmaopruiming is ongeveer 17 liter/uur na 'n enkele dosis en ongeveer 9 liter per uur na herhaalde toediening. Die plasma-eliminasiehalfleeftyd is ongeveer 1,3 uur na herhaalde een-daagse toediening. Esomeprasool word heeltemal uit plasma uitgeskei tussen dosisse met geen neiging tot akkumulasie tydens een-daagse toediening nie. Die belangrikste metaboliete van esomeprasool het geen effek op maagsuurafskeiding nie. Byna 80 % van 'n orale dosis esomeprasool word as metaboliete in die urine uitgeskei, die res in die stoelgang. Minder as 1 % van die moederverbinding word in urine aangetref.

***Lineariteit/Nie-lineariteit***

Die area onder die plasmakonsentrasie-tydkurwe neem toe met herhaalde toediening van esomeprasool. Hierdie toename is dosisafhanklik en lei tot 'n nie-lineêre dosis-AUC-verwantskap na herhaalde toediening.

Hierdie tyd- en dosisafhanklikheid is te wyte aan 'n afname in eerste deurgang metabolisme en sistemiese opruiming waarskynlik veroorsaak deur 'n inhibisie van die CYP2C19 ensiem deur esomeprasool en/of sy sulfoonmetaboliet.

**Spesiale bevolkings:**

***Gebrek aan 'n funksionele CYP2C10 ensiem***

Ongeveer 1-2 % van die bevolking het nie 'n funksionele CYP2C19-ensiem nie en word swak metaboliseerders genoem. By hierdie individue word die metabolisme van esomeprasool waarskynlik hoofsaaklik deur CYP3A4 gekataliseer. Na herhaalde een-daagse toediening van 40 mg esomeprasool, is die gemiddelde area onder die plasmakonsentrasie-tydkurwe ongeveer 100 % hoër by swak metaboliseerders as by proefpersone met 'n funksionele CYP2C19-ensiem (ekstensiewe metaboliseerders). Gemiddelde piek plasmakonsentrasies is met ongeveer 60 % verhoog.

***Bejaardes***

Die metabolisme van esomeprasool word nie beduidend verander by bejaarde proefpersone (71-80 jaar oud nie).

***Geslag***

Na 'n enkeldosis van 40 mg esomeprasool is die gemiddelde area onder die plasmakonsentrasie-tydkurwe ongeveer 30 % hoër by vroue as by mans. Geen geslagsverskil word gesien na herhaalde een-daagse toediening nie. Hierdie bevindings het geen implikasies vir die dosis van esomeprasool nie.

***Ligte tot matige lewerversaking***

Die metabolisme van esomeprasool by pasiënte met ligte tot matige lewerversaking kan verswak word. Die metaboliese tempo word verlaag by pasiënte met ernstige lewerversaking, wat lei tot 'n verdubbeling van die area onder die plasmakonsentrasie-tydkurwe van esomeprasool. Daarom moet 'n maksimum van 20 mg nie oorskry word by pasiënte met ernstige versaking nie. Esomeprasool of sy hoofmetaboliete toon geen neiging om te akkumuleer met een keer daaglikse dosis nie.

***Verswakte nierfunksie***

Geen studies is uitgevoer in pasiënte met verminderde nierfunksie nie. Aangesien die nier verantwoordelik is vir die uitskeiding van die metaboliete van esomeprasool, maar nie vir die eliminasie van die moederverbinding nie, word verwag dat die metabolisme van esomeprasool nie verander sal word by pasiënte met verswakte nierfunksie nie.

## 6 FARMASEUTIESE BESONDERHEDE

### 6.1 Lys van hulpstowwe

Die aktiewe bestanddeel is esomeprasoolmagnesium 20,7 mg en 41,4 mg gelykstaande aan esomeprasool 20 mg en 40 mg onderskeidelik.

Die ander hulpstowwe is sukrose, krospovidoon, dietliftalaat, hidroksipropielsellulose, hipromelloseftalaat, polietileenglikool, gesuiwerde talk, mikrokristallyne sellulose, povidoon en natriumstearielfumaraat. Filmbedekkingsmateriaal: Opadry bruin, polietileenglikool.

### 6.2 Onverenigbaarheid

Nie van toepassing nie

### 6.3 Rakleeftyd

36 Maande

## 6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls vir berging

Berg by of onder 25 °C, beskerm teen vog.

Moenie die stulpstroke uit die karton verwyder voordat dit benodig word vir gebruik nie.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

## 6.5 Aard en inhoud van houer

***Stulpverpakking***

Die karton bevat 14, 28 of 30 tablette verpak in kouevorm stulpstroke of droogmiddel ingebedde kouevorm stulpstroke. Elke stulpstrook bevat 7 of 10 tablette.

***Plastiek HDPE-bottel***

Die karton bevat ‘n wit ondeursigtige HDPE-bottel met skroefdop sluiting wat 30 tablette bevat.

***Beskrywing van droogmiddelingelegde kouevorm stulpstrook verpakking.***

Kouevorm-laminaat bestaande uit aluminiumfoelie waarvan die een kant helder, saggetemper, effe, dowwe kant lakgelamineer aan georienteerde poliamiedfilm is; die ander kant uitgepers bedek met droogmiddelingelegde poli-etileen en verder het dit 'n buitenste laag van HDPE met 'n foeliebedekking.

***Beskrywing van kouevorm stulpstrook verpakking.***

Die kouevom, stulpverpakking bestaan uit kouevorm stulpstrooklaminaat bestaande uit aluminiumfoelie (eenkant helder, saggetemper, effe, dowweekant lakgelamineer aan georienteerde poliamiedfilm; helderkant lakgelamineer aan PVC-film), PVC en poliamied met 'n rugkant van aluminiumfoelie bedek met hitteseëllak.

***Beskrywing van HDPE-bottelpak***

Die bottel is 'n wit, ondeursigtige HDPE-bottel met 'n wit ondeursigtige polipropileen-skroefdop-sluiting met 'n induksie-seëlvoering. Bottel bevat ook ‘n droogmiddel sakkie (1g).

## 6.6 Spesiale voorsorgmaatreëls vir wegdoening en ander hantering

Geen spesiale vereistes nie.

## 7 HOUER VAN SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE

Ranbaxy Pharmaceuticals (Edms.) Bpk

Lautreweg 14

Stormill Uitbr.1

Roodepoort, 1724

Suid-Afrika

## 8 REGISTRASIE NOMMER(S)

NEXIPRAZ 20: 45/11.4.3/0125

NEXIPRAZ 40: 45/11.4.3/0126

## 9 DATUM VAN EERSTE MAGTIGING

02 Oktober 2014

## 10 DATUM VAN HERSIENING VAN DIE TEKS

14 Augustus 2022